**Sondag 22 Maart**
**Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**
**Fokusgedeelte: Lukas 18:14; Heidelbergse Kategismus 45:117**

## Bid ootmoedig voor sy majesteit

Gebed is 'n noodwendige erkenning van afhanklikheid wat beteken dat 'n mens daardeur niks anders doen as om sy onvermoë voor die alvermoënde God te bely nie. Dit sou boonop sinneloos wees om tot God in gebed te tree as die mens niks van Hom nodig gehad het nie, asof die mens God se gelyke in volmaaktheid is.

Die Fariseër in die gelykenis het gedink hy is eintlik volmaak. Hy dank God omdat hy volgens sy gedagtes alles doen wat Hy beveel en daarom nie gelyk is aan die gewone sondaarmens soos die tollenaar nie. Hy is verhef bo ander mense omdat hy volgens homself voor God sy redding en die oor van die Koning verdien. Hy staan voor God se aangesig, want 'n volmaakte man hoef mos nie te buig nie.

Die tollenaar ken egter sy nood en ellende grondig. Hy staan met sy oë na onder en slaan desperaat op sy bors met erkenning en smeking: "O God, wees my, sondaar, genadig!" Daar is by hom geen erkenning van sy eie dade of enige poging om homself of sy gebed voor God te regverdig nie. Dit is 'n gebed in afhanklikheid.

Ons leer immers in die Naam van Christus bid, en dit is nie maar sommer net nie. Daarin lê reeds die erkenning van afhanklikheid, omdat ons daarmee stel dat ons sonder sy genade-offer nooit toegang tot die troon van God sou kry nie. Daarvoor is ons te onwaardig. Aangesien Hy ons genadige Middelaar geword het, kan ons, alhoewel steeds ootmoedig, voor God verskyn. So bid ons ook vir alles met die wete dat ons dit slegs van God kan ontvang. Net soos ons alleenlik en genadiglik in Christus vergifnis vir ons sondes ontvang, ontvang ons ook alles wat ons binne God se wil van Hom smeek.

Bid daarom ootmoedig en afhanklik sodat God alleen die heerlikheid ontvang. God gee Vaderlik aan sy kinders wat Hom afhanklik en om sy ontwil smeek.

*Sing: Psalm 66-1:1, 2, 7, 8, 9*
*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*